

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za



Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

RISIKO'S EN IMPAKTE WAT MET INTENSIEWE EN SELEKTIEWE TELING VAN INHEEMSE WILD VIR KOMMERSIËLE DOELEINDES GEASSOSIEER WORD

Saamgestel deur E J Nel
April 2015

1 DOEL

SAJWV het hierdie verslag saamgestel in die belang van die uitbreiding van die kennisbasis oor potensieële risiko's en impakte wat met die intensiewe en selektiewe teling van inheemse wildspesies verband hou. Dit skets die agtergrond vir die beleidstandpunt van die SAJWV oor intensiewe en selektiewe teel met inheemse wildspesies. Die fokus is nie net op kleurvariasies nie, en die verslag spreek spesifiek sommige van die geassosieerde praktyke aan wat verband hou met die produksie van buitengewone diere van óf ongewone kleurvariasies óf buitengewone horinglengte in intensiewe produksiestelsels soortgelyk aan dié vir lewendehawe. Aandag word egter gegee aan kleurvariasies aangesien daar spesifieke genetiese aspekte is wat relevant is vir teling met kleurvariasies en omdat dit tans die fokus is van wildtelers en dit aggressief bemark word as 'n uitstekende finansiële belegging. Die verslag sal van tyd tot tyd opgedateer word aan die hand van nuwe beskikbare wetenskaplike inligting. Gedeeltes van die inligting is van 'n hoogs tegniese aard, maar is noodsaaklik om 'n beter begrip van die relevante kwessies in die bewaring en volgehoue gebruik van wildlewe te verseker.

2 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging is verbind tot die bewaring en verantwoordelike benutting van Suid Afrika se biodiversiteit. Hulle besluite is gemotiveerd, en is die uitkoms van demokratiese konsultasieprosesse binne die wetlike raamwerk wat bewaring en benutting van biodiversiteit reguleer, sowel as toepaslike internasionale konvensies en ooreenkomste waarvan Suid-Afrika 'n lidland en ondertekenaar is.

Besluite word voorts op grond van die jongste relevante wetenskaplike en markneigings, internasionale beste praktyk en die beleidsraamwerk van SAJWV geneem. Die bestuur van SAJWV skakel met 38 500 opbetaalde lede deur middel van tak-strukture sowel as verskeie plaaslike en internasionale rolspelers en regerings, ten einde te verseker dat die Vereniging optimaal ingelig is met betrekking tot die faktore wat die landskap waarbinne dit funksioneer, beïnvloed. SAJWV verstaan die rol wat die organisasie in die verantwoordelike ontwikkeling van die biodiversiteitseconomie speel sodat dit nie slegs tot voordeel van lede is nie, maar ook tot voordeel vir die huidige en toekomstige generasies van Suid Afrikaners is.

Die planeet se biologiese hulpbronne en reserwes is onder ernstige bedreiging. Daarom het die SAJWV verby die standpunt van blote "bokbestuur" beweeg, en glo ons moet werklike bewaring doen en volhoubaar en verantwoordbaar optree waar ons 'n impak op die omgewing het. Die SAJWV moedig individue, organisasies en maatskappye aan om dieselfde te doen indien ons en die algemene bevolking natuurlike wildbevolkings in hul natuurlike omgewing wil behou as deel van die wêreld waarin ons woon. Andrew Savitz van PricewaterhouseCoopers (PWC)¹, het die volgende stelling gemaak in hul verslag oor volhoubare ontwikkeling:

¹ SAVITZ, A.W. 2002. Partner, PwC Sustainability Services. 2002 – Sustainability report of PWC.

Companies (organisations) that take that step will be rewarded by their shareholders, stakeholders, regulators and perhaps most importantly, on the bottom line. However, companies that fail to become sustainable, ignore the risks associated with ethics, governance and the “triple bottom line” of economic, environmental and social issues, are courting disaster. In today’s world of immense and instant market reaction, an action or inaction that undermines the integrity, ethics or reputation of an organisation can lead to immediate and dire financial consequences ...

Op nasionale vlak lewer die jagbedryf die grootste bydrae (70%) tot die wildbedryf en het R 9.1 miljard gedurende 2013 vir die ekonomie genereer. Van die R7.4 miljard wat deur die jagbedryf alleen bygedra is, was die grootste bydrae die R 6.3 miljard wat deur plaaslike benuttingsjagters bestee is². Internasionale trofeejagters het in die ooreenstemmende tyd R 1.1 miljard bestee. Wildsbiltong, wat ’n groot en gesonde bron van proteïene is, genereer tans ongeveer R237 miljoen per jaar. Verantwoordelike jag in ekstensiewe wildlewe-sisteme is ook komplimentered tot eko-toerisme wat een van die fokusareas is vir ekonomiese groei. Toerisme dra ongeveer 3% by tot die land se Bruto Binnelandse Produk (BBP).

Eko-toerisme en die jagbedryf speel dus ’n kritiese rol in die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van ekstensiewe wildspase en die biodiversiteitseconomie. Dit is bevestig deur navorsing wat onomwonde getoon het dat verantwoordelike jagpraktyke positief kan bydra tot die sosiale, omgewings- en ekonomiese welsyn van mense. In navorsing wat gestrek het oor 23 lande in Afrika, is bevind dat eko-toerisme en die jagbedryf ’n groot rol speel in die bewaring en landelike ekonomieë waar mense baie kwesbaar is ten opsigte van omgewingsimpakte en armoede. In sub-Sahara Afrika is grond wat vir jagdoeleindes aangewend word, baie meer as grond wat deur nasionale parke beset word. Die jagbedryf lewer ook ’n enorme bydrae in Afrika deur die skepping van ekonomiese aansporings vir bewaring van uitgestrekte gebiede van natuurlike habitat, wat gebiede insluit wat ongeskik mag wees vir alternatiewe grondgebruik, veral in droë-ekosisteme tipies aan suidelike Afrika. ’n Verskeidenheid van wildspesies, waaronder verskeie bedreigde spesies, en bedreigde habitate word sodoende bewaar. ’n Studie oor die impak van die jagbedryf op 134 spesies van tarentale, kwartels en klipfisante bevestig dat verantwoordelike en volhoubare jag ook ’n bydrae maak tot die bewaring van wilde voëlspesies³.

Daarbenewens speel jag ’n belangrike rol in voedselsekureit in veral landelike gebiede in droë ekosisteme, en lewer ’n bydrae tot landelike ekonomieë regdeur die totale waardeketting. Wilde diere wat uitbreek uit beskermde gebiede kan ook ’n bedreiging inhou vir nabygeleë landelike gemeenskappe wanneer hulle deur landerye en weidingsgebiede beweeg. Indien plaaslike gemeenskappe voordeel trek uit die wildbedryf in die betrokke gebied is hulle meer geneig om die diere te beskerm en die negatiewe impak wat die diere op hulle mag hê, te absorbeer. Verskeie voorbeelde bestaan in Afrika, waar gemeenskappe finansiële munt slaan uit eko-toerisme of geregleerde jag van hierdie diere, wat in alle waarskynlikheid lukraak doodgemaak sou word as hulle geen ekonomiese waarde vir die gemeenskap inhou nie. Die *Camp Fire* sisteem in Zimbabwe is ’n bekende voorbeeld van dié benadering. Gemeenskapsgedrewe benaderings wat plaaslike inwoners toegang en beheer oor wildhulpbronne gee deur onder meer jag, het ’n positiewer impak op bewaring en volhoubare gebruik as strategieë waardeur plaaslike inwoners se toegang tot wildlewe-bronne verminder en onteien word. Die impak word egter bepaal deur die wyse waarop aktiwiteite beheer word⁴.

Suid Afrika, die derde mees biologies-diverse land in die wêreld, móét die rykdom van sy biodiversiteitsbronne bewaar en terselfdertyd die uitdagings van ’n ontwikkelingsland – armoede, werkloosheid en gedegradeerde omgewings – aanspreek. Daar moet regulering wees maar dit is dikwels moeilik om aanvaarbare kompromieë te vind tussen bereiking van bewaringsdoelwitte en doelwitte vir ekonomiese ontwikkeling. Sterk leierskap is noodsaaklik om hierdie uitdagings die hoof te bied en spesifiek binne die wildbedryf om aanspreeklikheid in die gebruik van ons biodiversiteitsbronne te verseker.

SAJWV is verbind tot bewaring en verantwoordelike benutting van ons biodiversiteitserfenis maar besef dat daar ruimte vir verbetering is. Verskeie inisiatiewe is geloods binne die organisasie ten einde die positiewe impak van jag en jagters op die omgewing en die ekonomie verder te verbeter. Een sodanige inisiatief betrek die regering en

² VAN DER MERWE, P., GELDENHUYS, L., SCHOLTZ, M. & SAAYMAN, M. 2014. National profile and economic impact of biltong hunters in South Africa, 2013. North-West University.

³ MATEO-TOMÁS, P. & OLEA, P.P. 2010. When hunting benefits raptors: a case study of game species and vultures. *European Journal of Wildlife Research*. August 2010, Volume 56, Issue 4, pp 519-528. POTTS, G.R. 2001. Conservation Through Wise-Use Hunting. In: *Wildlife 2001: Populations*. 1992, pp718-726.

⁴ HITCHCOCK, R.K. 2000. Traditional African Wildlife Utilization: Subsistence Hunting, Poaching, and Sustainable Use. In: *Wildlife Conservation by Sustainable Use*. Conservation Biology Series, Kluwer Academic Publishers, Netherlands. Volume 12, 2000, pp 389-415.

ander jag-organisasies by die ontwikkeling van 'n nasionale sisteem waardeur fondse wat die jagbedryf genereer, afgewentel kan word om by te dra tot bewaring van die hulpbron wat benut word en om die impak van jag op die samelewing, die omgewing en die ekonomie op 'n deurlopende basis te dokumenteer en monitor. As deel van hierdie inisiatief om die omgewingsverantwoordelikheid van die wildbedryf te verhoog, moedig SAJWV die intensiewe en selektiewe wildebedryf aan om hul eie potensiele impak op die biodiversiteitserfenis van die land te evalueer en stappe te neem om negatiewe impakte uit te wys wat vermy, verminder en aangespreek moet word teen die agtergrond van Artikel 2 van NEMA.

2. ASPEKTE VIR OORWEGING

2.1 Het SAJWV die reg om 'n beroep te doen op die regering om potensiele negatiewe sosiale, omgewings- en ekonomiese impakte op biodiversiteit te evalueer en aktiwiteite te reguleer waar nodig?

Ingevolge die Grondwet moet die Staat sosio-ekonomiese regte en beskerming van die omgewing erken⁵. Die Grondwet vereis dat die Staat moet optree ten einde die welsyn van sy burgers en hul omgewingsregte te beskerm. Hierdie omgewingsregte is as sodanig groepsregte omdat hulle tot voordeel van die algemene publiek en nie vir spesifieke individue alleen nie, uitgeoefen word.

Artikel 24(b) van die Grondwet spreek kern omgewingsbeginsels aan, naamlik omgewingsbewaring en die verantwoordelike aanwending van natuurlike hulpbronne. Dit maak voorsiening vir ekologiese volhoubare ontwikkeling en die gebruik van natuurlike hulpbronne, terwyl dit ook regverdigbare en sosiale ontwikkeling bevorder. Die reg op 'n beskermde omgewing word as 'n fundamentele mensereg erken wat al die komponente van die reg tot ontwikkeling omsluit, selfs al is daar nie afsonderlik voorsiening daarvoor gemaak in die Grondwet nie. Die oogmerk van die reg tot ontwikkeling soos omskryf in die Grondwet is egter om die lewenskwaliteit van alle mense te bevorder⁶. Alle ontwikkeling en benutting van die hulpbron, insluitende intensiewe en selektiewe teel van inheemse wild moet hierteen gemeet word. Sou daar sprake wees dat die aktiwiteit enige van hierdie fundamentele regte van die publiek raak, het die regering as Trustee 'n verantwoordelikheid om op te tree.

Ontwikkeling plaas toenemende en kumulatiewe druk op natuurlike hulpbronne en ekosisteme dienste deur enersyds die verbruik van biodiversiteit en andersyds die wedywering vir fisiese ruimte wat benodig word vir ontwikkeling. Ontwikkelingsdruk op biodiversiteit beïnvloed die lewering van ekosisteme produkte en dienste wat die gesondheid en welsyn van die mensdom affekteer. Intensiewe en selektiewe teling van inheemse wild en die geassosieerde aktiwiteite, dra by tot hierdie antropogeniese druk op biodiversiteit.

Die regering het, by wyse van 'n landswye konsultasieproses, die Witskrif op Omgewingsbestuur in Mei 1998 ontwikkel ten einde die kompeterende regte vir ontwikkeling en omgewingsbewaring te balanseer. Dit het gelei tot die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA, Wet No 107 van 1998) as 'n omgewingsraamwerk wat daarop gemik is om volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig, en wat die ontwikkeling van verskeie bedrywe en hul geassosieerde aktiwiteite (gebaseer op die land se natuurlike hulpbronnabasis soos die wildbedryf) insluit.

Bogenoemde Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (No 107 van 1998) verskaf 'n raamwerk vir ontwikkeling op 'n volhoubare wyse wat die positiewe én negatiewe impak op die omgewing in ag neem. Ingevolge hierdie raamwerk word ontwikkeling in Suid Afrika as 'n ekonomiese, sosiale en omgewingsgeïntegreerde proses geag. Artikel 2(3) van die Wet dikteer dat alle ontwikkeling sosiaal, omgewings- en ekonomies-volhoubaar moet wees, terwyl Artikel 2(4)(a)(i) van die Wet voorskryf dat die versteuring van ekosisteme en verlies van biologiese diversiteit vermy (moet) word. In gevalle waar dit nie algeheel vermy kan word nie, moet dit verminder en verbeter word, en waar nodig, moet die aktiwiteit selfs heroorweeg word. Die toepassing van die Wet op Omgewingsbestuur verskaf bykans onbepaalde magte aan die regering om die gebruik en vernietiging van die natuurlike omgewing in private belang te reguleer⁷.

Daar berus dus 'n grondwetlike verpligting op die Staat, as Trustee van die omgewing, om die benutting van inheemse wild deurlopend te monitor en evalueer. Dit sluit die beheer van 'n selektiewe en intensiewe

⁵ CARLSON, D.H. & VAN STADEN, F. Environmental Concern in South Africa: The Development of a Measurement Scale (2006) New Voices in Psychology, Vol 2, Issue 1, 3-7.

⁶ Millennium Ecosystem Assessment - Ecosystems and Human Well-being: Biodiversity Synthesis' (2005) World Resources Institute, Washington, DC. BRIDGEWATER, P, RÉGNIER, M. & ZHEN, W. Healthy Planet, Healthy People - A Guide to Human Health and Biodiversity' (2012) Secretariat of the Convention on Biological Diversity, Montreal.

⁷ BLACKMORE, A. 2015. The relationship between the NEMA and the Public Trust Doctrine: The Importance of the NEMA Principles in Safeguarding South Africa's Biodiversity. Forthcoming: The South African Journal of Environmental Law and Policy.

wildteelbedryf in, wat op die doelgerigte teling van buitengewone diere berus by wyse van intensiewe produksiestelsels soortgelyk aan die vir lewendehawe in die landbousektor. Die Regering moet hierdie praktyke beoordeel ingevolge die grondwetlike beginsels hierbo uiteengesit en moet verseker dat hierdie praktyke regverdig kan word in terme van die langtermyn impak daarvan op die ekonomie, die omgewing en die lewenskwaliteit van Suid-Afrikaners.

Wetenskaplikes en kundiges het omgewingsrisiko's wat met intensiewe en selektiewe wildteling geassosieer word, identifiseer, maar tot op hede is dit nog nie aangespreek deur die wildtelers of die Staat soos deur die wetlike raamwerk hierbo vereis word nie. Artikel 24(b) van die Grondwet stel dit duidelik dat die Staat, tydens die bevordering van regverdige ekonomiese en sosiale ontwikkeling, redelike wetlike and ander maatstawwe in plek moet stel wat ekologiese degradering voorkom, bewaring aanmoedig, en ekologiese volhoubare ontwikkeling in die gebruik van natuurlike hulpbronne verseker.

Op grond van die argumente hierbo, is dit duidelik dat SAJWV, en enige lid van die publiek, die reg het om van die regering, as Trustee van ons nasionale biodiversiteitserfenis, te verwag om redelike wetlike en ander maatstawwe te implementeer ten einde aktiwiteite te reguleer indien daar geldige kommer oor die impak daarvan op die land se biodiversiteitserfenis bestaan. Die regering moet ook verseker dat ekologiese degradering voorkom word, bewaring aangemoedig word en ekologiese volhoubare ontwikkeling en verantwoordelike gebruik van natuurlike hulpbronne verseker word.

2.2 Het die leierskap van SAJWV 'n mandaat van sy lede vir sy posisie ten opsigte van selektiewe en intensiewe teling van inheemse wild?

SAJWV word deur 74 takke en 38 500 lede in Suid Afrika verteenwoordig. Die bestuur van takke word by wyse van 'n demokratiese proses verkies om lede op nasionale forums te verteenwoordig. Die takvoorsitters vergader twee keer per jaar by 'n Nasionale Takvoorsittersforum (NTVF) oor bepaalde strategiese kwessies, in konsultasie met die SAJWV se Uitvoerende Komitee (UK). By 'n Nasionale Takvoorsittersforum op 6 September 2014, was daar 'n bespreking van die posisie van SAJWV, soos voorgestel deur die Uitvoerende Komitee, oor die intensiewe en selektiewe teling van inheemse wildspesies vir buitengewone trofee-diere met óf uitsonderlike kleurvariasies óf uitsonderlike trofee-grootte. Die forum het die voorgestelde posisie onbestrede ondersteun. Die Nasionale Takvoorsittersforum (NTVF) is merendeels 'n forum vir konsultasie, maar dien ook as barometer vir die Raad van die SAJWV om die menings van die takke wat deur hul voorsitters verteenwoordig word, te toets.

Die SAJWV-Kongres is 'n jaarlikse gebeurtenis en is die hoogste besluitnemingsliggaam van die organisasie. Al 74 takke word proporsioneel by die kongres verteenwoordig. Tydens die kongres wat op 8 November 2014 gehou was en waar 70 takke verteenwoordig was, was die SAJWV se voorgestelde posisie oor die intensiewe en selektiewe teling van inheemse wild op die sakelys vir bespreking. Die Kongres het die posisie onbestrede aanvaar.

Hoewel individuele lede mag verskil van die formele standpunt van die SAJWV, moet die bestuur van die organisasie in die beste belang van die meerderheid van sy lede optree, wat die vereniging se beleidsposisie oor die selektiewe teling van inheemse wildspesies vir buitengewone trofeewild met óf uitsonderlike kleurvariasies óf buitengewone trofee-groottes, ondersteun.

2.3 Het SAJWV met relevante rolspelers gekonsulteer tydens die ontwikkeling van hul beleidstandpunt?

Die bestuur van SAJWV het met sy lede gekonsulteer deur formele strukture wat 'n groot aantal wildboere insluit. Die organisasie het ook met die volgende belangegroepes gekonsulteer ten einde te verseker dat hul beleidstandpunt gebaseer is op betroubare inligting binne die wettige raamwerk wat die bewaring en benutting van Suid-Afrika se biodiversiteit reguleer: kundiges; wetenskaplikes van ses akademiese instellings; provinsiale en nasionale beleidsmakers; plaaslike en internasionale jag-, toerisme- en bewaringsorganisasies; georganiseerde wildbedryf; en individuele eienaars van jagplase en jagters.

Sommige van die konsultasieprosesse wat gevolg is, word hier genoem:

- Plaaslike en internasionale wetenskaplike konferensies oor die wildbedryf en geassosieerde aktiwiteite – SAJWV het bv. 'n sessie oor Biodiversiteit vir Winsoogmerke by die Simposium van die Suid Afrikaanse Wildelewe-Bestuursvereniging (SAWMA) in Port Elizabeth in September 2013 geborg en aangebied. 'n

Paneel van sewe wetenskaplikes het hul onderskeie perspektiewe en bevindings oor selektiewe en intensiewe teling van wild vir winsoogmerke aangebied. Hulle het die risiko's van hierdie teelpraktike op biodiversiteit en die jagbedryf bespreek en beklemtoon. Die sessie het 'n multidisiplinêre benadering, wat wetlike, ekonomiese, genetiese, ekologiese, veeartsenykundige en algemene biodiversiteitsperspektiewe en moontlike risiko's insluit, aangebied. Die SAJWV het ook referate by verskeie ander konferensies oor die onderwerp aangebied en deelnemers betrek. Op uitnodiging van die regering, het die SAJWV die kwessie by die Biodiversiteit-Ekonomiese Indaba voorgedra en ook met opkomende boere in die wildbedryf by die *Land Reform and Stewardship Initiative Learning Exchange*.

- Skakeling met provinsiale en nasionale regeringstrukture wat die wildbedryf reguleer.
- Kwellings oor die moontlike impak van selektiewe en intensiewe teel van inheemse wild vir winsoogmerke op bewaring en die jagindustrie was reeds in Oktober 2013 deur die SAJWV by HAWASA geopper. HAWASA is 'n alliansie van georganiseerde nasionale jag- en wildlewe-verenigings in Suid Afrika wat verbind is tot verantwoordelike en volhoubare benutting van wild onder 'n groen-ekonomiese benadering. Lede van HAWASA sluit in *Wildlife Ranching South Africa (WRSA)*; die Professionele Jagtersvereniging van Suid Afrika (PHASA); die Jagterskonfederasie van Suid Afrika; die Nasionale Skietvereniging (NSA); *Wildlife Translocation Association (WTA)* en die Suid Afrikaanse Roofdierversameling (SAPA).
- Kommunikasie met eienaars van wildplase en belanghebbende partye deur SAJWV se webwerf, nuusbriewe, *SA Jagter*-tydskrif, publikasies en koerante. Verskeie individuele wildboere, en plaaslike en internasionale jagters was ook by die besprekings betrek.
- Teen die einde van 2014 was daar 'n bespreking tussen SAJWV, verteenwoordig deur die uitvoerende hoof, die President, Adjunkpresident, Vicepresident: Bewaring en die Bestuurder van Bewaring, en verteenwoordigers van WRSA om SAJWV se beleidstandpunt met WRSA te bespreek. Dit is die SAJWV se indruk dat die afvaardiging van WRSA slegs die belange van sekere wildtelers, en nie die van wildboere in die breë nie, ingesluit het.
- SAJWV het onlangs oorweldigende positiewe terugvoer van wildboere (wat nie betrokke is by die teel van kleurvariasies nie) ontvang vir die Vereniging se standpunt en deurlopende ondersteuning. Dit behels onder andere die ontwikkeling van strategieë om finansiële modelle vir ekstensiewe wildplase te verbeter en die regering te betrek om aansporings vir hul bewaringsaktiwiteite daar te stel, en staatsondersteunde programme in hierdie gebiede te fokus. Die ontwikkeling van 'n groen-sertifiseringstelsel vir verantwoordelike wildbestuur het verdere steun en momentum gekry.

Die SAJWV is tot voortgesette konstruktiewe gesprekke met alle lede van die bedryf verbind, en moedig insette van verskeie kundiges in die proses aan om beleidstellings te formuleer. Die SAJWV volstaan daarby dat hulle genoeg gedoen het in die konsultasieproses. SAJWV ondersteun verantwoordelike wildboere ten volle en sal voortgaan om ondersteunende strategieë wat gegrond is op gefundeerde inligting, te ontwikkel vir die bevordering van sy lidmaatskapbasis sodat hulle ingeligte besluite kan neem. Dit geskied deur middel van 'n demokratiese proses waartydens elke lid die geleentheid het om by wyse van gestruktureerde prosesse betrokke te wees, en waar finale besluite oor beleidstandpunte by die jaarlikse kongres geneem word.

2.4 Wat is die implikasies van “wildeienaarskap” (soos daarna verwys word) in die Wet op Vee en Wilddiefstal, No 105 van 1991, in terme van die regte van grondeienaars om te doen met wild wat hulle verkies?⁸

Die persepsie dat die Wet op Vee- en Wilddiefstal, No 105 van 1991, aan 'n grondeenaar die absolute reg verskaf tot wild wat voldoende ingeperk is op sy eiendom, is 'n waninterpretasie van die wet. Dit vereis 'n deeglike begrip van die gemene reg met verwysing na wild en die implementering van die Wilddiefstal-Wet om wildeienaars met die nodige sekerheid in terme van hul eienaarskap van hulle bates te voorsien.

Onder die gemene reg word vrylopende wild as *res nullius* beskou. Dit beteken dat hulle aan niemand behoort nie en enigeen mag eienaarskap van sulke wild uitoefen. Eienaarskap kan bevestig word deur die jag/doodmaak, vang of unieke merk van die dier/diere. Om eienaarskap uit te oefen beteken nie diefstal nie, hoewel ander aspekte van die wet oortree kan word. Daar is drie basiese vereistes wat vervul moet word om eienaarskap (bekend as

⁸ Prepared by A BLACKMORE. Master of Science – Ecology University of the Witwatersrand (1992) and Master of Laws (Environmental Law) cum laude University of KwaZulu-Natal, Pietermaritzburg (2005). Candidate PhD in the Department of Law at the University of Tilburg, Netherlands. Diploma in Multilateral (environmental) Agreements University of Finland (2011). Member of the Environmental Law Association of South Africa. Appointed as Honorary Research Fellow of the School of Law at the University of UKZN. Currently being considered for a similar appointment at the University North West. He has been providing formal environmental law advice to Ezemvelo KZN Wildlife since 2005 and ad hoc advice to other sectors in the conservation arena since that time, and has published in various articles, book chapters, guides and has refereed publications in the discipline of law.

“occupatio”) van vrylopende wild in dié scenario te verseker: (i) die wild moet eienaarloos wees; (ii) die sogenaamde eienaar moet fisieke beheer oor die wild uitoefen; en (iii) die sogenaamde eienaar moet ’n duidelike oogmerk hê om die eienaar van die dier te word (LAWSA 1(2) par 461).

Dit beteken dat die grondeienaar wat vrylopende wild het, en wat nooit vanself die eiendom verlaat nie, die risiko sal loop om eienaarskap van die wild te verloor indien iemand doelgerig die wild vang of die dier jag en doodmaak. Dit is spesifiek vir hierdie rede dat die Wet op Vee- en Wilddiefstal in die Suid Afrikaanse reg opgeneem is om die eienaarskapskomponent van die gemene reg te verander. Die Wet is van toepassing in die volgende gevalle: indien ’n eiendom, ongeag die grootte, voldoende afgekamp is deur ’n wildbestande heining, sal die ingekampte wild as die besitting van of eiendom van die grondeienaar beskou word. Enige ander persoon wat eienaarskap van ’n wilde dier op daardie eiendom neem, mag aangekla word van diefstal. Daarom laat die Wet op Vee- en Wilddiefstal wildboere toe om hulle eiendom en wild te verseker volgens die bepalinge van die Wet en sodoende ’n betekenisvolle bydrae tot bewaring te maak, asook om die ekonomiese en kommersiële voordele wat uit hierdie eienaarskap vloei, te geniet.

In ’n bespreking oor die persepsie dat die Wet op Vee- en Wilddiefstal voldonge eienaarskap gee aan wildeienaars wat aan die vereistes van die Wet voldoen, moet ’n mens egter ook kennis neem van die breër wetlike raamwerk van Suid Afrika na 1994. Artikel 24 van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika (Wet 108 van 1994) gee aan enige persoon die reg dat, onder meer: die “omgewing beskerm word tot voordeel van huidige en toekomstige generasies deur redelike wetlike en ander maatreëls”; deur “besoedeling en ekologiese agteruitgang te voorkom en bewaring te bevorder”, en laastens, dat “ekologiese volhoubare ontwikkeling en die gebruik van natuurlike hulpbronne verseker word terwyl regverdige ekonomiese en sosiale ontwikkeling bevorder word”. Voorts het die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur en Biodiversiteit, Wet No 10 van 2004, die regering as die “Trustee van die land se biodiversiteit aangewys ten einde die vervulling van die omgewingsreg” te verseker. As die Trustee, is die regering verplig om die gemene reg/openbare Trust-beginsel van die openbare Trust-doktrine, binne die Nasionale Omgewingsbestuurswet (Wet Nr 107 van 1998) toe te pas. Die omgewing word in openbare trust vir die mense gehou. Die voordelige gebruik van omgewingshulpbronne móét die openbare belang dien en die omgewing moet beskerm word as die mense se algemene erfenis.

In geheel moet die land se biodiversiteit en wildlewe in die breër openbare belang geskied en die beskerming van ons erfenis verseker. Terwyl wild dus deel vorm van private eienaarskap, mag die gebruik van wild nie van so ’n aard wees dat dit in konflik is met die regering se verpligting as Trustee om die erfeniswaarde van wild te beskerm nie. Dit is dus duidelik dat daar beperkings bestaan op die reikwydte van die eienaarskap van wild. Eienaars van wild moet daarom aansoek doen vir verskeie vorme van magtiging (lisensies, permitte, registrasies en ander vorms) van die regering voordat bepaalde aktiwiteite wat wildbestuur behels, onderneem mag word.

Daar kan tot dieselfde slotsom gekom word oor ander wetgewing. Dit sluit wetgewing voor 1994 in, soos die verskeie provinsiale ordonansies wat van wildeienaars vereis om verskeie permitte, lisensies, registrasie ens. te bekom alvorens sekere aktiwiteite met wild onderneem mag word.

Dieselfde gevolgtrekking word gemaak ten opsigte van die Dierebeskermingswet (Wet Nr 71 van 1962), wat wildeienaars verbied om sekere aktiwiteite met hulle wild te onderneem. Die beginsel van beperkte eienaarskap van besittings is nie nuut in die Suid Afrikaanse regstelsel nie, soos dit ook in die gemene reg verband hou met ’n groot verskeidenheid van besittings, hetsy eiendom of grond, erfenis-artefakte, ens.

Ten slotte voorsien die Vee en Wilddiefstalwet, Wet Nr 105 van 1991, aan geen eienaar absolute eienaarskapsregte van wild nie. Die Wet verskaf grootliks ’n meganisme om die gemene reg-beginsel aan te spreek, nl. dat vrylopende wild as *res nullius* beskou word en besit mag word deur besit te neem van die diere deur die wild te vang, te merk, te jag of dood te maak.

3. ALGEMENE KOMMENTAAR OOR DIE GEÏDENTIFISEERDE IMPAK VAN SELEKTIEWE EN INTENSIEWE TELING VAN INHEEMSE WILDSPESIES

In 2010 het die *Scientific Authority* (SANBI) aangedui dat dit hoogs onwaarskynlik is dat diere wat intensief en selektief geteel word vir ’n uitsonderlike velkleur, enige betekenisvolle negatiewe impak op natuurlike wildpopulasies sal inhou, sou hulle ontsnap, omdat die homosigoties-resessiewe gene min effek sal hê in ’n oorheersende heterosigotiese populasie. Dit was egter beklemtoon dat dit op die aard en omvang van die praktyk berus, en of sulke praktyke beoordeel kan word as ’n vorm van genetiese manipulasie. Dit was ook verder

genoem dat die teling van geneties-minderwaardige resessiewe-kleurvariasies nie die bewaring van Suid Afrika se biodiversiteit bevorder nie, en dat selektiewe teling vir abnormale kleurvariasies in wild ontmoedig moet word as 'n ongewenste praktyk⁹.

Sedertdien het 'n totaal nuwe intensiewe en selektiewe teelbedryf ontwikkel waar die gemiddelde verkope van kleurvariante op wildveilings met 50% toegeneem het, en die bydrae tot omset van wildverkope met 200% gestyg het. In 2014 het kleurvariante alleen 18.3% tot die omset bygedra¹⁰. Dit sluit diere uit wat intensief geteel word vir buitengewone horinglengte. Vanweë die groei in die aktiwiteite, het die *Scientific Authority* 'n interdepartementele taakspan gevestig om die breër en kumulatiewe impak van die aktiwiteite op die biodiversiteit te ondersoek. Alhoewel 'n finale verslag nog hangende is, het verskeie wetenskaplike publikasies (waarna sommige in hierdie verslag verwys word), referate by wetenskaplike kongresse¹¹, en kundiges biodiversiteitsrisiko's geïdentifiseer en gewaarsku teen die moontlike negatiewe impakte op die langtermyn. Die voorvalle is bepaald nie net meer geïsoleerde insidente soos in 2010 nie, maar 'n hele nuwe wildteel industrie en gevolglik moet die impakte in heroorweging geneem word.

3.1 Verlies van seldsame allele, genetiese integriteit en aanpasbaarheid in selektief-geteelde populasies

Die impak van die verlies van seldsame allele of alleliese diversiteit is omgekeerd verwant aan die grootte van wildpopulasies van 'n spesifieke spesies. Dit is meer betekenisvol in spesies met klein populasies wat natuurlik voorkom, bv. bastergemsbokke.

Daar kan nie op natuurlike seleksie gesteun word om betekenisvolle getalle van kleurvariasies te teel nie. Kunsmatige seleksie soos gedoen deur wildtelers, andersyds, vergroot die frekwensie van die spesies aansienlik, soos gesien kan word in die aantal diere wat tans geteel en verkoop word. Wanneer 'n nuwe "variasie" van 'n spesifieke mutasie/variasie geteel word, is die genepoel waaruit die diere geselekteer word, noodwendig klein omdat hulle in baie lae frekwensie in die natuur voorkom. Die oorgrote meerderheid van die kleurvariasies wat tans beskikbaar is in die mark kom egter glad nie in die natuur voor nie, soos skilder elande. Gereelde paring tussen die klein groep geselekteerde diere moet sorgvuldig georkestreer word om die nuwe "variasie" te teel.

Wanneer kleurvariante wat uiters seldsaam is in natuurlike populasies, geïsoleer word om 'n intensiewe teelprogram te begin, word 'n groot komponent van die natuurlik-beskikbare genetiese verskeidenheid in daardie spesie effektief by die nasate van die teelprogram uitgesluit. Dit is algemeen bekend as die 'founder effect'. As die populasie waaruit die kleurvariante geselekteer word klein is met 'n reeds lae diversiteit, kan die sogenaamde 'founder effect' baie groot wees.

Tot op hede is dit duidelik dat inteling in bykans alle bestudeerde spesies¹² tot intelingsdepressie lei, terwyl vitaliteit en toekomstige aanpasbaarheid van die populasies gekompromitteer word. Die verlies van aanpasbare genetiese variasie en intelingsdepressie plaas wildpopulasies onder groter risiko vir uitwissing spesifiek waar die spesie reeds skaars is¹³. Hierdie groter risiko het sy oorsprong in verminderde reprodutiewe vermoë as gevolg van intelingsdepressie, of omdat die diere minder aanpasbaar is in veranderende omgewingstoestande. Die afwesigheid van seleksiedruk wat toegeskryf kan word aan die verwydering van roofdiere uit die sisteem en 'n oorbeskikbaarheid van voedsel kan hierdie impak verder vergroot. Daar bestaan dus kommer dat die gevolge van die verlies aan genetiese verskeidenheid en die impak van inteling verskans word, omdat die diere intensief bestuur en versorg word, selfs al is 'n populasie se genetiese verskeidenheid wesenlik geïmpak¹⁴.

⁹ Report from the National Scientific Authority on colour variants. Available from Department of Environmental Affairs.

¹⁰ CLOETE, F. PhD. Data from research on game auction trends. Unit for Environmental Science and Management North West University.

¹¹ An entire session was dedicated to the potential impacts of this activity at the SAWMA Symposium in 2014 as well as the Ezemvelo KZN Wildlife Symposium on Contemporary Conservation in Howick in 2013.

¹² WRIGHT, S. 1977. Evolution and the genetics of populations. Experimental results and evolutionary deductions. University of Chicago Press. Chicago. CHARLESWORTH, D. & CHARLESWORTH, B. 1987. Inbreeding depression and its evolutionary consequences. Annual review of Ecology and Systematics. 18:237-268. CRNOKRAK, P. & ROFF, D.A. 1999. Inbreeding depression in the wild. Heredity. 83:260-270. HEDRICK, P.W. & KALINOWSKI, S.T. 2000. Inbreeding depression in conservation biology. Annual Review of Ecology and Systematics. 31:139-162.

¹³ REED, D.H. & FRANKHAM, R. 2002. Correlation between fitness and genetic diversity. Key Centre for Biodiversity and Bio resources, Department of Biological Sciences, Macquarie, University, New South Wales, Australia.

¹⁴ WRIGHT, S. 1977. Evolution and the genetics of populations. Experimental results and evolutionary deductions. University of Chicago Press. Chicago. CHARLESWORTH, D. & CHARLESWORTH, B. 1987. Inbreeding depression and its evolutionary consequences. Annual review of Ecology and Systematics. 18:237-268. CRNOKRAK, P. & ROFF, D.A. 1999. Inbreeding depression in the wild. Heredity. 83:260-270. HEDRICK, P.W. & KALINOWSKI, S.T. 2000. Inbreeding depression in conservation biology. Annual Review of Ecology and Systematics. 31:139-162.

'n Verdere gevolg van dié praktyk is dat dit ook kan lei tot die verhoogde teenwoordigheid van ongewenste gene en diere kan hulle gehardheid/natuurlike weerstand verloor. Ander produksie-parameters kan ook oor tyd beïnvloed word deur die proses van kunsmatige isolasie (selektiewe teling). Daar bestaan 'n bewese volume van data wat die genetiese impak van spontane mutasie op diere bevestig. Inteling/uitteling/verbastering lei alles tot verlaagde vlakke van genetiese diversiteit wat manifesteer as verminderde heterosigositeit of verlies van allele, wat uiteindelik die intensief-geteelde populasie of die spesie as 'n geheel kan benadeel. Aanpassingsvermoë van wild wat geteel is deur natuurlike seleksie berus op 'n onderliggende poel van genetiese diversiteit wat oorlewing onder verskeie omstandighede bevorder. Wanneer hierdie diversiteit verlore gaan, mag die populasie nie in staat wees om by veranderings in die omgewing, soos bv. klimaatsverandering, blootstelling aan nuwe patogene en parasiete, of verandering in hul onmiddellike habitat of voedingsvereistes aan te pas nie.

Die ongewenste allele wat onbepland in 'n "kleurvariasie" of teelprogram ingesluit word, kan oor tyd in die bepaalde "kleurvariasie" gevestig word by wyse van die proses van "genetic drift". Indien teelprogramme slegs fokus op een kenmerk, soos horinglengte of kleur, bestaan die risiko dat ander belangrike eienskappe en genetiese variasie in die selektief-geteelde populasie verlore mag gaan en die ongewenste eienskappe gevestig word. Die NDBV het die volgende fisieke kenmerke wat voortspruit uit inteling gelys: stomp of verkorte gesigte; kurktrekker-sterfte; been-abnormaliteite; gesplete verhemeltes; oog- en hart-defekte; neurologiese probleme; velkankers; hart- en oog-komplikasies; steriliteit/onvrugbaarheid, en sterftes van pasgeborenes¹⁵. 'n Eenvoudige voorbeeld is die probleme wat gesien kan word by sekere honderasse wat op dieselfde manier geteel is om bepaalde eienskappe te vestig en dan lei tot byvoorbeeld heupprobleme by herdershonde.

3.2 Impak van intensiewe en selektief-geteelde diere op natuurlike wildbevolkings

Genetiese diversiteit is 'n vereiste vir natuurlike wildpopulasies om te kan aanpas by veranderende omgewingstoestande. Wildpopulasies se inherente fiksheid en aanpasbaarheid hou direk verband met genetiese diversiteit wat verlaag word deur inteling¹⁴. Vir hierdie rede word genetiese diversiteit as een van die drie vereistes van biodiversiteitsbewaring deur die IUCN aanbeveel, terwyl Suid-Afrika se biodiversiteitswetgewing ook verwys na die bewaring van biodiversiteit¹⁶ vanaf die landskapsomgewing tot op genetiese vlak.

Die biodiversiteitsmandaat van die regering is landwyd van toepassing, en nie slegs in beskermde gebiede nie en daarom moet die regering sy Trustee-verpligtinge regdeur die land vir alle spesies uitoefen. Dit is veral belangrik, gegewe dat 80% van die land se biodiversiteit buite die bestaande beskermde gebied-netwerk gevind word. Daar is ontoereikende getalle van bepaalde wildspesies binne beskermde gebiede en die private sektor maak 'n reuse bydrae tot die bewaring van sommige spesies (bv. 40% van renosters). Beskermde gebiede en wildplaasheining is verder poreus in hul ontwerp of as gevolg van verwaarlosing. Om intensief geteelde populasies binne die groter gebied van vrylopende natuurlike populasies in kampe aan te hou, kan dus lei tot negatiewe gevolge vir natuurlike wildpopulasies op aangrensende areas, beskermde gebiede en ekstensiewe wildplase. Voorbeelde van die realiteit van die impak van onverantwoordelike wildboerderypraktyke op die natuurlike wildbevolkings is die impak op die genetiese integriteit van skaars spesies as gevolg van genetiese vermenging tussen blesbokke en bontebokke, bastergemsbok subspesies en swart en blouwilbeeste. Die regering is besig met die ontwikkeling van nasionale strategieë om hierdie impakte te probeer beperk.

Na evaluering van 233 gepubliseerde wetenskaplike studies oor die potensiële impakte van intensiewe en selektief-geteelde populasies op natuurlike bevolkings, het wetenskaplikes tot die gevolgtrekking gekom dat die impakte op natuurlike bevolkings die volgende insluit: verandering in gedrag; morfologie; demografie van natuurlike populasies, asook bevordering van verspreiding van patogene. Hierdie literatuurstudie bewys dat intensiewe en selektief-geteelde diere inderdaad betekenisvolle negatiewe impakte op natuurlike wilde populasies mag en kan inhou¹⁷. Verdere verwysings na artikels oor genetica en vergelykende studies in die landbousektor kan voorsien word indien nodig.

¹⁵ NSPCA. 2015. Press release: NSPCA's formal stance on the selective breeding of wild animals for colour mutations.

¹⁶ MCNEELY, J.A., MILLER, K.R., REID, W.V., MITTERMEIER, R.A. & WERNER, T.B. 1990. Conserving the world's biological diversity. World Conservation Union, World Resource Institute, Conservation International, World Wildlife Fund –US, and the World Bank, Washington DC.

¹⁷ CHAMPAGNON, J., ELMBERG, J., GUILLEMAIN, M., GAUTHIER-CLERCB, M. & LEBRETON, J. 2012. Conspecifics can be aliens too: A review of effects of restocking practices in vertebrates. *Journal for Nature Conservation* 20 (2012) 231– 241. MYSTERUD, A. 2010. Still walking on the wild side? Management actions as steps towards 'semi-domestication' of hunted ungulates. *Journal of Applied Ecology* 47, 920-925. RADLOFF, F. 2014. Farewell wildlife and welcome to Africa's domestic game livestock: Is current game ranch practice promoting the domestication of African wildlife and what are the potential consequences? SAWMA Symposium presentation. SAWMA, PE. 2014. GREY-ROSS, R., DOWNS, C.T. & KIRKMAN, K. 2009. Reintroduction Failure of Captive-Bred Oribi (*Ourebia ourebi*) *South African Journal of Wildlife Research* 39(1):34-38.

3.3 Die impak van domestisering en die ontwrigting van die evolusionêre prosesse

Selfs indien die proses van intensiewe en selektiewe teling nie in die korttermyn lei tot domestisering van sommige van ons wildlewe-spesies nie, is dit in ieder geval reeds goed onderweg. Unieke rasse en tipes is reeds algemeen (bv. swart rooibokke ens.) en baie van hierdie diere is reeds relatief mak vergelyke die natuurlike wilde populasies. Gedeeltelike domestisering is ook relevant. Waar 'n spesie morfologiese, gedrag, fisiologiese en/of lewensiklus-verandering manifesteer as gevolg van menslike ingryping by wyse van gedeeltelike beheer oor die teling, mortaliteit, ruimtelike benutting en voedselvoorsiening, word dit reeds as gedeeltelike domestisering geag¹⁸.

Die redenasie agter gedeeltelike domestisering is dat sodra 'n spesie uit sy natuurlike omgewing verwyder word, die tradisionele seleksiedruk wat tot die teling van die bes-aangepaste individue vir daardie spesifieke omgewing lei, ineenstort¹⁹. Die gevolg hiervan is dat die nasate van diere wat intensief en selektief geteel word in beperkte ruimtes, nie noodwendig aangepas is by die natuurlike omgewing waarin vrylopende populasies van die spesie voorkom nie. Hierdie individue verloor hulle bewaringswaarde, omdat die beginsel van biodiversiteitsbewaring die *in situ*-bewaring (diere in hul natuurlike habitat) van die spesie noodsaak volgens die Konvensie op Biodiversiteit waarvan Suid Afrika 'n ondertekenaar is. Boonop is dit bewys dat pogings tot hervestiging van hierdie diere in die natuur gepaardgaan met grootskaalse vrektes omdat die diere nie meer natuurlike weerstand en aanpassingsvermoë het om in die natuur te oorleef nie²⁰. Die aantal diere van 'n spesie alleen, is dus nie 'n maatstaf van die bewaringstatus van 'n spesie nie, veral nie as 'n groot persentasie van die spesie in relatief klein kampe aangehou word nie.

Tans is daar min plekke in Suid Afrika wat werklik as volkome wild en vry van 'n sekere vlak van bestuursingryping beskou word en meeste spesies word blootgestel aan sommige van die invloede van domestisering. Hierdie impak word egter aansienlik vererger wanneer bestuurspraktyke nie doelbewus poog om natuurlike seleksie na te boots nie en waar bestuursaksies gefokus is om natuurlike seleksiedruk te verander/verminder ten einde meer wins te maak.

Die graad van domestisering en gevolglike bewaringswaarde van 'n bepaalde wildpopulasie hang af van die soort, intensiteit en duur van wildbestuur-ingrepe. In buitengewone gevalle – wat al hoe meer voorkom – kan sekere populasies van ons inheemse wild beswaarlik as wild geklassifiseer word, omdat hulle nie aan sommige of selfs al ses van die kriteria wat 'n wilde dier definieer, voldoen nie. Die beginsels is dat die bepaalde dier:

- Moet afstam van vrylopende wilde diere waar natuurlike seleksie plaasvind;
- In staat moet wees om in die natuur te oorleef sonder omvattende menslike intervensie;
- Moet kan voortplant op 'n natuurlike wyse sonder menslike intervensie;
- Homself kan verdedig teen klimaatstoestande en predasie;
- Suksesvol kan vlug van predatore van enige aard; en
- Voedsel uit die natuurlike habitat kan selekteer en daarop oorleef.

3.4 Die impak van die verlies aan weerstandigheid teen parasiete/siektes en veerartsenykundige implikasies

Met toenemende inteling om van ongewenste eienskappe ontslae te raak, of gewenste eienskappe te vestig, is nasate van intensief en selektief geteelde diere geneig om dieselfde gene-stel van beide ouers te erf, wat manifesteer in 'n verlaagde immuunstelsel. (Daar is verminderde variasie tussen die diere vergeleke met diere in die wilde populasies). Hierdie probleem vererger met opeenvolgende generasies soos die diere geneties meer uniform word (soos bv. die jagluiperd).

Dit is verder wetenskaplik gedokumenteer dat paringskeuse in die natuur ontwerp is om onder andere immuniteit te optimaliseer. Met selektiewe teling kan hierdie natuurlike proses nie meer geskied nie, en kunsmatige metodes moet aangewend word om immuniteit te verhoog. In ekstensiewe natuurlike sisteme pas diere in hul natuurlike omgewing by ekosisteem-stressors aan, en het gewoonlik lae voorkoms van parasiete, patogene en mikrobies. Dit is egter deeglik gedokumenteer dat diere in intensiewe stelsels, byvoorbeeld waar wild in klein kampe aangehou

¹⁸ MYSTERUD, A. 2010. Still walking on the wild side? Management actions as steps towards 'semi-domestication' of hunted ungulates. *Journal of Applied Ecology* 47, 920-925.

¹⁹ RADLOFF, F. 2014. Farewell wildlife and welcome to Africa's domestic game livestock: Is current game ranch practice promoting the domestication of African wildlife and what are the potential consequences? SAWMA Symposium presentation. SAWMA, PE. 2014.

²⁰ GREY-ROSS, R., DOWNS, C.T. & KIRKMAN, K. 2009. Reintroduction Failure of Captive-Bred Oribi (*Ourebia ourebi*) *South African Journal of Wildlife Research* 39(1):34-38.

en oor tyd intensief gemanipuleer word, die vermoë verloor om by sodanige ekosisteem-stressors aan te pas en die diere is dus meer kwesbaar vir parasitiese, patogene en mikrobiële infestasies.

Ten einde hierdie risiko te bestuur, is daar getuigenis van wildtelers wat wild vir die verhoogde voorkoms van parasiete behandel met endektoside en ekto-parasietdoders. Op een webwerf word daar aanbeveel dat doseermiddels vir lintwurms byvoorbeeld by voedsel-aanvullings gevoeg word. Hoewel hierdie middels geregistreer is vir verskeie maniere van dosering, word dosisse gebaseer op liggaamsgewig. Toediening van hierdie middels deur dit in voedsel-aanvullings in te meng maak dit feitlik onmoontlik om die aanbevole dosering per dier te gee. Daar is geen manier waarop die kwessie van effektiewe dosering aangespreek kan word nie, wat dan oor- en onderdosering tot gevolg het, wat kan lei tot:

- Parasietweerstandigheid teen parasietbeheermiddels;
- Gekompromiteerde immuniteit en aanpasbaarheid van diere;
- Weerstandige parasiete wat kan versprei na lewende hawe en vrylopende wild; en
- Nadelige gevolge op behandelde diere.

Daar bestaan verder toenemende kommer oor die veiligheid van vleis vir menslike gebruik van diere wat intensief en selektief geteel word indien hulle op hierdie wyse bestuur word. Daar is baie streng maatreels vir die behandeling, verwerking en etikettering van vleis van lewende hawe wat geteel word vir menslike gebruik. Hierdie standaard word egter nie tans toegepas binne die intensiewe wildbedryf nie hoewel soortgelyke bestuurspraktyke aangewend word. Verder meer is die groot aantrekking van wildsvleis dat dit 'n natuurlike proteïenbron is sonder kontaminante en groei-aanvullings wat tipies geassosieer word met vleis afkomstig van intensiewe lewendehawe produksiestelsels. Dit kan verdere nadelige implikasies vir die groei in gesonde wildsvleisprodukte hê en inkomstestrome vir ekstensiewe wildboere aangesien daar geen sertifiseringstelsel is wat die twee groepe onderskei nie.

3.5 Die impak op die welsyn van diere

Op fisiologiese vlak speel pelskleur 'n belangrike rol in die termo-regulering en endokriene funksionering van wilde diere. In springbokke vorm verkleur en patrone deel van die dier se aanpassingsvermoë: wit parallel tot son (verkoelend), donker loodreg met die son (verwarming) en patrone vir kamoeflering. Swart diere kry swaarder tydens hoër temperature²¹. Kumulatief mag dit ook die vermoë van spesies beïnvloed om by klimaatsverandering aan te pas. Wanneer wilde diere bloot 'n kommoditeit word wat vir finansiële gewin en na gebiede buite hulle natuurlike verspreiding verskuif word waar dit warmer of koeler, droër of natter is, as dit waaraan die diere gewoon is, kan dit hulle algehele endokriene-sisteme, metabolisme en algehele welsyn beïnvloed. Kankers, melanomas en katarakte is aangemeld vir wit variasies.

Kleur, horinglengte en/of liggaamsgrootte speel 'n belangrike rol in dieregedrag wat die welsyn van die diere beïnvloed. Horinglengte mag moontlik 'n aanduiding wees van 'n manlike dier se dominansie maar daar kom 'n punt waar buitengewone horinglengtes/vorm nadelig kan wees vir die dier se gesondheid en oorlewingsvermoë, wat die oorlewing van die aanteel in 'n natuurlike omgewing negatief kan beïnvloed. Die kleur en lengte van maanhare van leeus in die natuur speel byvoorbeeld 'n baie groot rol in die gedrag van leeus. So ook speel die natuurlike kleurpatrone van wild 'n rol in inprenting van jong diere in wildtroppe sodat hulle weet wie hul ma's is. Die teel van abnormale kleurvariasies in wild het gevoglik wesenlike impakte op dieregedrag en hul gepaardgaande welsyn en oorlewing.

Soos diere meer ingeperk word met toenemende bestuursinteraksie deur mense, raak hulle ook apaties ten opsigte van menslike kontak. Hierdie diere kan dus nie verantwoordelik gejag word nie want hulle is nie meer "wild" nie.

Die intensiewe en selektiewe teling van wilde diere bring nie net etiese kwessies na vore nie, maar laat ook die dier in 'n stresvolle omgewing vir die grootste deel van sy lewe, wat wesenlike kommer oor algemene diere-welsyn tot gevolg het. In reaksie op berigte oor die verband tussen diere-welsyn en intensiewe teling van wild in Suid Afrika, het die Nasionale Dierbeskermingsvereniging (NDBV) op 26 Februarie 2015 'n persverklaring uitgereik waarin die regering versoek word om die intensiewe en selektiewe teling van wilde diere te verban.

²¹ HETEM *et al.*, 2009, 2011

3.6 Verskille in bestuursaktiwiteite tussen intensiewe en selektiewe teel van wild vir kommersiële of bewaringsdoeleindes

Daar is 'n duidelike verskil tussen teelprogramme vir bewaring en dié vir kommersiële doeleindes soos wat in die tabel hieronder aangedui word²²:

Risk	Conservation Breeding	Intensive & Selective Breeding
Objective	Specific objective of breeding for successful release into the wild to conserve the species	Breeding without specific objectives of release (sale to other breeders, hunters), other than for hunting shortly after release; no registered conservation programmes with plans to release to the wild
Inbreeding and loss of genetic diversity	Maximise diversity of founder population Maximise heterozygosity through managed stud books	Selection of specific traits as a small subset of overall gene pool Active inbreeding Stud books starting to be used, but to maintain traits not diversity
Behavioural changes	Maintain traits of wildness, adaptation to natural environment Wise to predators	Selection of docile animals No concern for maintaining/teaching predator avoidance
Evolution and adaptation	Widest possible range of alleles to confer future adaptation potential	No concern, or active selection of a subset of alleles coding for specific traits
Parasite and disease	Retain parasite and disease resistance so released animals are able to survive	Treated so no ongoing evolution of parasite and disease resistance; husbandry resulting in breeding of resistant parasites through use of products outside of registration Loss of resistance (MHC)

3.7 Die impak van verhoogde vervolging van roofdiere

Die groot aantal intensiewe teelkampe met relatief hoë konsentrasies van wild in beperkte areas, lok roofdiere. In die geval van duur kleurvariasies wil beleggers die risiko vir ekonomiese skade beperk en gevolglik word verskeie stappe geneem om enige potensiele impak van roofdiere te voorkom. Omdat hierdie diere 'n baie hoë individuele waarde het, is dit 'n groot ekonomiese aansporing vir eienaars om hulle oorlewing te verseker. Dit sluit elektriese heinings in wat ondeurlaatbaar is vir die meeste wilde diere en so word groot areas gesteriliseer en diere so klein soos miskruiers kan soms nie deur die heinings beweeg sonder om doodgeskok te word nie. Daar is verskeie gevalle bekend waar die bedreigde ietermago deur hierdie tipe heinings doodgeskok is. Die ontwerp van elektriese heinings vir teelkampe van duur kleurvariasies verskil wesenlik van gewone wildsheinings vir ekstensiewe wildplase en die impak op natuurlewe is aansienlik hoër.

Met die kumulatiewe impak van 'n verhoging in die aantal klein kampe met ondeurlaatbare elektriese heinings, is daar ook 'n ekosistemiese impak op roofdiere se habitat en prooi/roefdier interaksie, asook beweging van ander vrylopende wilde diere soos meerkatte en ystervarke. Intensief en selektiewe geteelde diere wat vir kommersiële doeleindes intensief gemanipuleer word, en wat nie 'n bewaringsbydra lewer nie, kan nou beskou word as meer waardevol deur wildtelers as natuurlike roefdier-populasies waarvan sommige alreeds krities bedreig is, soos die wilde hond. Dit is 'n wesenlike probleem, veral gesien in die lig van werk deur die Endangered Wildlife Trust (EWT) wat bevind het dat die jaarlikse impak van roofdiere in ekstensiewe areas in die Waterberg ongeveer R 1.23 per ha beloop, en R 0.22 in die Noordwes provinsie²³. Die finansiële impak op ekstensiewe areas is dus minimaal vergeleke met die intensiewe produksiestelsels.

²² Saamgestel met insette van die Intergovernmental Task Team oor Intensiewe en Selektiewe Teling.

²³ MARNEWICK, K. 2014. Game ranching: Antelope farms or conservation asset? SAWMA Symposium presentation. SAWMA, PE. 2014.

In die Limpopo-provinsie toon voorlopige ontledings van 'n PhD-studie aan dat die wildeenaars se verdraagsaamheid teenoor ekologies-belangrike spesies, soos medium en groot karnivore, betekenisvol afgeneem het. Hierdie neiging hou verband met die verskuiwing in wildboerdery na die teel van skaars wild en afwykende kleurvariante, asook die globale ekonomiese klimaat en die toenemende aanwending van roofdierbestande omheining²⁴. In Suid Afrika het die Limpopo-provinsie die hoogste digtheid van wildplase²⁵, en daar kom verskeie vrylopende karnivore natuurlik voor. In die Limpopo-provinsie is dit hoofsaaklik luiperds wat gedood word as die spesies wat die minste verduur word²⁶. Teen die agtergrond van die geografiese aard van die Limpopo-provinsie, en die beweging van luiperds en ander karnivore oor ons grense na ander lande in suidelike Afrika, beklemtoon dié studie 'n pertinente kwessie wat 'n impak nie alleen op die Limpopo-provinsie mag hê nie, maar op ekosisteme buite Suid Afrika se grense.

3.8 Reputasie van die jagbedryf

Daar word tans 'n groot veldtog teen sogenaamde “canned hunting” of ‘geblikte jag’ gevoer, wat gelei word deur die veldtog teen die jag van intensief-geteelde leeus. Daar is ooreenkomste tussen die intensiewe en selektiewe teling van wildsbokke in relatief klein kampe vir spesifieke kenmerke, wat of heeltel of gedeeltelike hul vrees vir mense verloor, en dié van leeus wat in relatief klein kampe geteel word. Die vrylating en jag van intensief-geteelde diere hou groot reputasierisiko's vir die jagbedryf in Suid Afrika in. Verskeie bewaringsagentskappe het reeds uitsprake gemaak teen intensiewe en selektiewe teling van inheemse wild of ten minste 'n versigtige benadering daartoe gepropageer. Die Skandinawiese Jagvereniging en die Australiese regering het onlangs die invoer van leeu-trofeë en enige dele van leeus wat afkomstig is van die jag van intensief-geteelde leeus in die RSA, verbied. Dit behoort as waarskuwing te dien vir die sektore wat betrokke is by selektiewe en intensiewe teling van wild vir jagdoeleindes.

Daar is verder geen noemenswaardige aanvraag van trofeejagters vir kleurvariasies wat op die stadium geverifieer kan word nie. Daar mag wel enkele gevalle wees. Die Professionele Jagtersvereniging van Suid Afrika (PHASA) het dit bevestig en in 'n onlangse mediavystelling gesê dat “die teelpraktyke bestaan om die aanvraag na lewendige wild aan te spreek en nie om vir trofeejag te voorsien nie”. Die skade aan Suid Afrika wat geassosieer word met die buitelandse persepsies van Suid-Afrika as 'n “kunsmatige” wild en jagbestemming is nog nie volledig gekwantifiseer nie, maar groot jag- en bewaringsliggame in Suid Afrika, Europa en Noord-Amerika het verskeie van die aktiwiteite wat gepaard gaan met intensiewe en selektiewe teel van wild soos hierbo genoem, veroordeel en hul lede aangeraai om nie aan enige van hierdie aktiwiteite deel te neem nie.

So vroeg as 2006 reeds, het die Internasionale Raad vir Wild- en Wildlewebestuur (CIC) die sogenaamde Limassol-resolusie aanvaar, wat aandui dat CIC onetiese manipulerings van wild vir jagtrofeë verwerp; CIC ondersteun verantwoordelike “fair chase” jag; en CIC het verder kommer uitgespreek dat sulke uitbuiting en manipulasie van wilde diere wesenlike nadelige impakte op die biodiversiteit en ongewenste gevolge vir die genetiese integriteit van diere wat natuurlik voorkom, mag inhou, indien ongereguleerd.

In November 2011, het die CIC-Raad onder meer die volgende standpunte wat kunsmatige en onnatuurlike manipulasie van wildlewe teenstaan, aanvaar, insluitend die bevordering van 'n spesie se genetiese kenmerke (bv. pels/hare of wol, liggaamsgrootte, horing-grootte) by wyse van: a) die doelbewustee kruisteling van spesies, subspesies of evolusionêre betekenisvolle plaaslike fenotipes; b) die gebruik van huishoudelike of lewendehawe-teelmetodes, soos genetiese toetsing, “germplasm” en semenproduksie of handel, kunsmatige inseminasie, embrio-oordrag, kastrasie, groeihormoon-behandeling, beheerde of onnatuurlike teelprogramme en kloning. Die Raad het ook besluit dat alle trofeë van diere wat sodanig gemanipuleer is nie geklassifiseer sal word deur die CIC Trophy Evaluation Methods en het 'n beroep op die lede gedoen om hulself te weerhou van die jag van gemanipuleerde diere. Dit het laastens alle regerings aangemoedig om afdwingbare beleid te ontwikkel en relevante riglyne in hul nasionale wildbewaringsmodelle in te sluit.

Die twee belangrikste jagrekordboeke in die wêreld, *Rowland Ward's Records of Big Game*, en die SCI se *Record Book of Big Game Animals* het onlangs aangedui dat hulle nie kategorieë wil skep en ook nie inskrywing in hierdie rekordboeke wil toelaat vir diere wat deur intensiewe manipulasie geteel is nie.

²⁴ PITMAN R.T., FATTEBERT J., DI MININ E., HUNTER L., SLOTOW R. & BALME, G. 2015. (In preparation) The conservation costs of game ranching.

²⁵ CARRUTHERS, J. (2008) “Wilding the farm or farming the wild”? The evolution of scientific game ranching in South Africa from the 1960s to the present. *Trans R Soc S Afr.* 63:160–181.

²⁶ PITMAN, R.T., SWANEPOEL, L.H., HUNTER, L., SLOTOW, R. & BALME, G. (In review). The importance of refugia, ecological traps, and scale for the management of a threatened large carnivore. *Biodiversity and Conservation*.

Die *IUCN Antelope Specialist Group* het ook hul bekommernis uitgespreek oor die huidige tendense in die intensiewe en selektiewe teel van wild, en die verskuiwing van inheemse wild buite hulle natuurlike gebiede²⁷.

Die *Species Survival Commission of IUCN* bespreek hierdie kwessie reeds vir 'n geruime tyd en probeer om sover as moontlik 'n globale benadering te ontwikkel wat alle doelbewuste manipulasie van die aarde se biodiversiteit insluit.

Vir jag om in die toekoms volhoubaar te bly, moet die aktiwiteit en bedryf van jag as verantwoordelik beskou word, en daar behoort genoeg ekstensiewe natuurlike wildpopulasies in hul natuurlike habitat te wees om die aktiwiteit in stand te hou. Die jag van intensief-geteelde, semi-mak diere kan nie as billike, verantwoordelike jag beskou word nie, selfs al word hulle in ekstensiewe gebiede vrygelaat vir jagdoeleindes. Weens die intensiewe manipulasie van hierdie diere, wat gebasseer is op produksiestelsels vir lewendehawe, soos genetiese toetsing, die gebruik van groeistimulante, en beheerde of onnatuurlike teelprogramme, behoort die integriteit van die trofee ook bevraagteken word.

3.9 Toenemende risiko van disinvestering in ekstensiewe wildplase en geassosieerde vermindering van die bydrae van ekstensiewe wild (en bees)boere tot die biodiversiteitseconomie en nasionale bewaringsdoelwitte.

Op 'n nasionale vlak skiet Suid Afrika tekort in ons doelwit om 10% van die land te proklameer as beskermdes gebiede en ons onderpresteer ook ten opsigte van die beskerming van ons bedreigde spesies²⁸. Die ekstensiewe wildboere het tot dusver, en kan ook in die toekoms 'n reuse bydrae hierin maak. Ekstensiewe wildplase beslaan tans ongeveer 17% van die land se oppervlak (22 000 000 hektaar) wat aansienlik meer is as die beskermdes gebiede, met private eienaarskap van tussen 16 en 20 miljoen diere van inheemse wild, waarby ingesluit 40% van die land se renosters en verskeie ander bedreigde spesies en habitate. Ekstensiewe wildplase vorm ook die basis van die eko-toerismebedryf, die produksie van noodsaaklike ekologiese goedere en dienste soos skoon lug, water, voedsel en materiaal gewaardeer teen R 73 miljard per jaar, en die jagbedryf. Soos reeds genoem is die jagbedryf by verre die grootste bydraer (70%) tot die wild-ekonomie, wat R 9.1 miljard tot die BBP in 2013 bygedra het. Van die R 7.4 miljard wat deur die jagbedryf alleen gegenereer word, het die geskatte 200 000 plaaslike jagters die grootste bydrae van R 6.3 miljard gelewer, met 'n bydrae van R 1.1 miljard deur trofeejag.

Groot wins word gemaak uit die verkope van selektief-geteelde inheemse wild afkomstig uit intensiewe produksiestelsels wat vereenselwig word met lewendehawe. Dit word verder bevorder deur slim bemerking deur die groter spelers wat dit bevorder as 'n waardevolle finansiële belegging en kommoditeit (hul het gewoonlik 'n direkte finansiële belang in toenemende deelname in hierdie praktyke). Dit vind neerslag in disinvestering in ekstensiewe wild- en beesplase of, alternatiewelik, groot plase wat in kleiner kampe verdeel word vir intensiewe teel doeleindes. Een van die redes vir die hoë wins op beleggings is omdat omgewingskoste van intensiewe en selektiewe teling van inheemse wild nie geïnternaliseer word soos wat vereis word vir verantwoordelike volhoubare praktyke nie. Buiten vir die implikasies vir voedselsekureit (veral in die geval van bees en skaapplase), erodeer dit ook die wildboerderybedryf se positiewe bydrae tot bewaring. Dit skep ook hindernisse vir ekstensiewe wildboere met gesonde wildbevolkings van bedreigde spesies wat 'n bydrae tot nasionale bewaringsdoelwitte maak. Onderhoude met ekstensiewe wildboere het aan die lig gebring dat die veilingspryse vir diere van gesonde natuurlike wildpopulasies betekenisvol laer is as vir daardie diere wat selektief geteel word binne intensiewe stelsels, maar wat nie 'n bydra tot die bewaringstatus van die spesies maak nie. Daar is dus geen of minimale aansporingsmeganismes vir ekstensiewe wildboere en die waardevolle rol wat hulle speel in die bewaring van ons nasionale biodiversiteitserfenis en gesonde ekosisteme wat die basis vorm vir ekonomiese groei nasionaal.

Aktiwiteite wat met die intensiewe en selektiewe teelbedryf gepaardgaan, verhoog die kumulatiewe impak op biodiversiteit. Dit sluit in die teel van wild wat nie in 'n natuurlike omgewing kan oorleef nie; die transformasie van habitat, insluitend die verandering van natuurlike plantegroei na aangeplante weiding; fragmentering van die habitat deur die oprigting van klein kampe oral deur die landskap; vrektes van wilde diere insluitend bedreigde spesies weens doelgerigte geëlektrifiseerde omheinings wat beweging van feitlike enige wildlewe beperk (wat

²⁷ DR. PHILIPPE CHARDONNET AND DR. DAVID MALLON, Co-chairs, 31 August 2013 - email correspondence.

²⁸ REILLY, B.K. 2014. Game ranching in South Africa: Biodiversity Conservation or Agriculture. 8th Wildlife ranching symposium, Colorado. USA.

verskil van normale heinings vir ekstensiewe wildplase); toenemende vervolging van bedreigde, vrylopende roofdiere; ontwrigting van ekologiese prosesse; en genetiese kontaminasie van wild wat natuurlik voorkom.

Die impak van die nuwe en vinnig-groeiende bedryf op die omgewing was nie noodwendig deur al die rolspelers voorsien nie. Wetenskaplikes, bewaringsbioloë en ekonome het egter onlangs betekenisvolle sosiale, omgewings- en ekonomiese risiko's geïdentifiseer wat aangespreek sal moet word ingevolge Artikel 2 van NEMA en die Grondwet van Suid Afrika.

3.10 Toename in pryse van inheemse wild wat verbruikersjagters, ekstensiewe wildplaas-eienaars en aktiwiteite deur die hele waardeketting van die jagindustrie beïnvloed

Die impak van die intensiewe en selektiewe wilddeelbedryf op pryse van lewendige wild (selfs die wat nie afwykende kleure het nie) is aansienlik. 'n Oorsigtelike studie van pryse van lewendige Impala-verkope (*Wild & Jag*) toon aan dat pryse vanaf gemiddeld R 1 326 in 2013 tot 'n gemiddeld van R 3 200 in April/Mei 2014 toegeneem het. By die eerste wildveiling van 2015 was gewone Impala-ooie teen R 30 000 elk verkoop. In dié geval is die logika vanaf 'n ekonomiese perspektief dat 'n boer gewone Impala-ooie kan koop, hulle by 'n kleurvariant-ram kan sit en die aandeel as "splits" (draers) teen R 20 000 tot R 30 000 elk kan verkoop. Dit is onwaarskynlik dat 'n wildboer jagaktiwiteite teen ongeveer R 1 800 per dier sal toelaat wanneer hy eerder lewendige diere op 'n veiling vir hierdie hoë pryse kan verkoop.

Daar bestaan geen twyfel nie dat dit 'n merkbare impak op pryse van jagbare wildspesies in die toekoms gaan laat tot nadeel van plaaslike jagters in Suid Afrika. Daar is reeds bewyse hiervan in die mark. Dit mag 'n kumulatiewe impak op die hele jagbedryf hê, asook die bydrae van die jagbedryf tot bewaring, voedselsekureit en die ekonomie. Die rede hiervoor is dat jag as ekonomiese aansporing dien vir die bewaring van ekstensiewe wildplase en uitgestrekte areas van natuurlike habitat, ingeslote gebiede wat ongeskik vir landbou en alternatiewe grondgebruik mag wees, veral in droëland-ekosisteme. Sonder jag as inkomstestroom mag hierdie areas vir ander grondgebruikspraktyke aangewend word wat nie dieselfde bydrae maak tot die Biodiversiteitseconomie nie.

Jagaktiwiteite vorm 'n belangrike bydrae tot die wildbedryf. 'n Plaaslike jagter spandeer gemiddeld R 31 000 per jagseisoen, waarvan 50% op wild en die res op 'addisionele' uitgawes bestee word, soos verblyf (R 3 000), vervoer (R 3 500), en jagtoerusting wat ammunisie (R 2 000) en kos (R 1 600) insluit. Die mees gewilde provinsies om in te jag is Limpopo (50%), die Noord-Kaap (48%) en die Oos-Kaap (38%). Hoewel die bruto plaaslike streeksprodukt van die drie provinsies (GDP) per kapita van die laagste in die land is, verskaf die jagbedryf talle geleenthede vir gemeenskappe regdeur die totale waardeketting om inkomste te genereer deur klein aanvullende ondernemings. Die verlies aan die sosio-ekonomiese impak van jag en eko-toerisme in hierdie areas kan wesenlike negatiewe implikasies vir plaaslike gemeenskappe hê.

4 GEVOLGTREKING

Die inheemse wild van Suid Afrika is ons almal se natuurerfenis en ons het 'n grondwetlike reg om aan te dring dat dit beskerm word vir ons en ons kinders. Saam met hierdie reg kom daar ook 'n verantwoordelikheid indien ons aktiwiteite 'n wesenlike impak op hierdie erfenis het. As Trustee van hierdie erfenis, het die regering die verantwoordelikheid om toe te sien dat dit behoue bly vir ons en ons kinders. Die voordele wat enige groep uit die benutting van hierdie hulpron trek, moet opgeweeg word teen die implikasies vir die samelewing in geheel, en dit sluit nie net ekonomiese implikasies in nie, maar alle ontwikkeling en benutting van hierdie biodiversiteitserfenis, wat sosiaal-, ekonomies- en omgewinsverantwoordelik en volhoubaar moet wees.